

*Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.*

Tema: Rus vir jou siel

Skriflesing: Matteus 11:25-30

Broodjies vir die pad

### My vrye wil

Watter ontploffing  
kon dertien duisend miljoen jaar terug  
eindelose sterrestelsels  
wêreldwyd versprei?  
Waar kon, tussen  
ontelbaar ander sterre  
in die Melkweg, ons eie son  
sy ruitverwysing kry?

Hoe kon 'n kokende klein massa  
tot 'n aarde stol  
wat 365 maal moet draai  
om een keer om dié son te tol?  
Uit watter enkelsel  
op hierdie grond  
het drie duisend agt honderd miljoen  
jaar terug  
die lewe begin vloei?

Hoe kon uit primate –  
aapagtige soogdiere  
soos gorillas en sjimpansees –  
wat met storm en roofdier stoei  
van sesmiljoen jaar gelede af  
voormense én oermense groei?

Hoe het die mens-met-verstand  
– Homo sapiens –  
gereelde katastrofes gemis  
wat sewentig persent lewe  
op dié tollende bal uitwis?

Terwyl hy die aarde deursnuffel  
van hoek tot kant:  
wie het vir dié kalant  
leer hutte bou en vuur maak  
leer praat en skryf  
leer ploeg en plant?

Kan ek vrae beantwoord  
oor waarheen en waarvandaan?  
Is ek bewus genoeg  
om selfs die vrâé te verstaan?  
Waar dertien duisend miljoen jaar  
die ruimtetyd  
beswaarlik kan begrens,  
vorm die laaste dertiendúisend jaar –  
skaars een miljoenste –  
die bewussyn van die mens

Hoe volkome buig  
my brein en lot  
heelal  
voor jôú gebod

Jy vorm my liggaam  
om te eet,  
om voort te plant,  
op aarde rond te loop  
Vir die skouspel  
van die sterre  
en die lewe  
beur jy my oop

Één lyf, één blik  
één kans gee jy  
één keer vir my  
om so 'n paar maal  
op die aarde  
om die son te ry:  
om te verskyn,  
dan asemrowend  
te verdwyn

*Louis du Plessis*

<https://www.litnet.co.za/my-vrye-wil/>

Klein boek wat 'n lang skaduwee gooi

*Laetitia Pople*

Hy het nie een keer vir homself gesê “sê nou ek wen” nie. Hy was seker dat Etienne van Heerden die prys sou kry. Toe wen Zirk van den Berg met sy “klein, groot boekie”, *Ek wens, ek wens* die W.A. Hofmeyr-prys verlede Donderdagaand.

“Ek bly my maar nog daarvoor verwonder. Dit was totaal onverwags. Ek dink steeds dat die beoordelaars besonder dapper was om my boek te kies terwyl hulle daardie ander opsies gehad het.”

Selfs “toe ek die aand die boodskap van die uitgewer op my foon sien, het ek dit afgesit en verder probeer slaap. My vrou het aangedring dat ek kyk wat die boodskap sê.” Van den Berg is benoem saam met Kerneels Breytenbach vir *Hond se Gedagte* en Van Heerden vir *Die Biblioteek aan die Einde van die Wêreld*.

Van den Berg skryf per e-pos uit Nieu-Seeland in reaksie op Netwerk24 se vrae. Hy vertel dat hy van sy tienerjare al begin droom “dat my skryfwerk met erns bejeën word, maar moet bely ek het later jare begin aanvaar dat sulke eerbewyse nie vir my soort stories beskore is nie. Hierdie prys het my onkant gevang. Maar ek kla nie!”

*Ek wens, ek wens* handel oor Seb, 'n ontgogelde, middeljarige man wat as lykversorger werk. Sy verhouding met sy vrou en tienerkinders is maar stram, hy word ook by die werk uitgebuit. Sy lewe en benadering daartoe verander handomkeer as hy 'n terminaal siek seun ontmoet wat kom voel hoe dit voel om in 'n doodskis te lê.

“*Ek wens, ek wens* is snaaks, slim, teer en verrassend. Dit is, in elke sin van die woord, 'n betowerende teks en 'n oorrompelende leeservaring”, het die beoordelaars Francois Smith, Sonja Loots en Bibi Slippers bevind.

Die akademikus Willie Burger skryf in sy resensie in *Vrouekeur* dat hy al die eksemplare wou opkoop om vir al sy vriende te gee nadat hy die boekie in 'n aand deurgelees het. Op die flapteks van *Ek wens, ek wens* skryf Marita van der Vyver dat sy wens daar was nog sulke boeke in Afrikaans.

### Wat was die vonk vir *Ek wens, ek wens*?

“Waar kom idees vandaan? Ek weet nie. Ek weet ek het hom minstens tien jaar gelede al gehad, dis op my rekenaar geskryf. Ek het die toneel tussen die seun en die begrafnisondernemer min of meer toe al geskryf. Ek het net nie geweet wat om verder met die storie te doen nie. In 2017 het ek hom holderstebolder gepak en binne ’n paar weke van begin tot einde geskryf, sonder om my veel aan die formaat te steur. Dit is verreweg die boek wat ek die vinnigste geskryf het. Die proses voor en ná die eerste skryf was egter lank.

Wat die aanslag betref, elke storie laat hom net op een manier vertel. As skrywer bly ek soek totdat ek die vertelstem kry wat werk.”

Ek weet dit is nie goed vir ’n mens se bemarkbaarheid nie, maar ek voel nie genoop om ’n spesifieke soort boek te skryf nie. Dit wissel na gelang van die soort storie wat dit is.

### Intussen het ’n storm rondom die Media 24 Boeke Pryse losgebars, weens die gebrek aan diversiteit? Jou kommentaar?

Ek het gesien, ja.

### Wat is volgende? Ek verneem die Engelse weergawe van *Ek wens, ek wens* word in Nieu-Seeland gepubliseer?

*Tweegevreet*, die vervolg op *Die vertes in*, kom vroeg in Augustus uit. *I Wish, I Wish* verskyn in Oktober hier. Dit sal my eerste boek in Nieu-Seeland wees sedert 2004.

Daar lê nog twee manuskripte by die uitgewers. Een is die laaste boek in die *Hochnamib*-trilogie en die ander ’n ligte lekkerleesboek wat ek nie weet waar en hoe hy gaan inpas nie. Hier hinkpink ek tussen twee stories. Hopelik kry een van hulle rigting.

### Jy is al etlike jare weg – werk jy nog gemaklik in Afrikaans?

Ja, wat. My taal is dalk ietwat verouderd, maar ek dink ek maak my darem nog verstaanbaar. Ek kon in my dae by *Die Burger* korrek skryf, en daar is konvensies wat ek verloor het, maar gelukkig is daar redigeerders wat met taal help. Ek is Francois Bloemhof baie dank verskuldig.

<https://www.netwerk24.com/Vermaak/Boeke/klein-boek-wat-n-lang-skaduwee-gooi-20200626>

“Sabbath is that one day. It is a reprieve from what you ought to do, even though the list of oughts is infinitely long and never done. Oughts are tyrants, noisy and surly, chronically dissatisfied. Sabbath is the day you trade places with them: they go in the salt mine, and you go out dancing. It’s the one day when the only thing you must do is to not do the things you must. You are given permission— issued a command, to be blunt—to turn your back on all those oughts. You get to willfully ignore the many niggling things your existence genuinely depends on—and is often hobbled beneath—so that you can turn to whatever you’ve put off and pushed away for lack of time, lack of room, lack of breath. You get to shuck the have-tos and lay hold of the get-tos.”

— Mark Buchanan, *The Rest of God: Restoring Your Soul* by Restoring Sabbath

## Brood vir die pad

’n Herinnering aan die krag van verborge lewens

RRV

Die laaste rolprent wat ek voor die staat van inperking in ’n teater te siene gekry het, was Terrence Malick se *A Hidden Life* (2019).

Dié rolprent – gegrond op werklike gebeure ná die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog – vertel die verhaal van Franz Jägerstätter, ’n “gewone” boer en toegewyde Rooms-Katoliek, wat saam met sy vrou, Franziska, en hul drie dogters in die Oostenrykse platteland woon. Groot dele van die rolprent verbeeld met lang en gevoelvolle kameraskote die gesin se allelaagse aktiwiteite en interaksies.

Wanneer Franz weer vir militêre diens opgeroep word, weier hy op grond van gewetensbesware om ’n eed van lojaliteit aan Hitler af te lê. Daarvoor word hy in hegtenis geneem. Ná ’n aantal maande in die gevangenis word hy verhoor, en in Augustus 1943 tereggestel.

A *Hidden Life* ontleen sy titel aan die slotsin van George Eliot se *Middlemarch*. Hier lees ons in die lig van Dorothea Brooke se lewe: “. . . for the growing good of the world is partly dependent on unhistoric acts; and that things are not so ill with you and me as they might have been, is half owing to the number who lived faithfully a hidden life, and rest in unvisited tomes.”

Wat die aanhaling suggereer, en wat die rolprent se vertelling en kinematografie ook versterk, is dat daar ’n besondere krag kan uitgaan van gewone lewens wanneer hulle, soos Franz Jägerstätter, met moed en oortuiging doen wat hulle meen reg en goed is, dikwels teen ’n hoë prys.

Wat wat die wêreld meer menslik, regverdig en leefbaar maak, is nie maar net die buitengewone en vereerde figure waarvan ons in geskiedenisboeke lees nie. Nee, soveel draai om die klein dade van heiligheid en volgehoue opofferinge van verborge lewens – ook nog in ons dag.

Franz Jägerstätter se lewensverhaal is natuurlik nie meer so onbekend nie. Daar is al ’n biografie en rolprent oor sy lewe, en in 2007 is hy deur die Rooms-Katolieke Kerk as martelaar vereer en salig verklaar.

Maar Malick se rolprent is veral geïnteresseer in die feit dat Franz Jägerstätter nie oor sy eie optrede as iets besonder dink nie, maar as vanselfsprekend gegewe sy oortuiging. “I see that mine is the smallest of crosses,” sê hy iewers.

As ons die kamera in *A Hidden Life* aandagtig volg, sou ons ook kon vra: Uit watter morele en geestelike bronne put mense soos Franz Jägerstätter om ondanks teenkating tog te volhard in die doen van wat reg is? Dalk dui dié vraag op die eintlike verborge lewe.

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/n-herinnering-aan-die-krag-van-verborge-lewens-20200626>

Het ek geweet vandag is die dag waarop ek jou vir die laaste maal sou sien, het ek jou styf vasgedruk en gebid dat God jou siel sal bewaar.

Het ek geweet dit is die laaste keer dat jy deur hierdie deur sou gaan, het ek jou omhels, gesoen en vir nog een maal teruggeroep.

Het ek geweet ek hoor jou stem vir die laaste keer, het ek van elke woord besit geneem om hulle weer en weer te kon hoor.

Het ek geweet ek sien jou vir die laaste keer, sou ek jou vertel ek is lief vir jou en nie domweg aanvaar het dat jy dit reeds weet nie.

*Gabriel García Márquez*

(in Afrikaans verwerk deur Pieter van der Westhuizen)